Maandbrief

2

Mei 2010

Liewe gemeente

Het jy al mooi gedink wat dit beteken dat God regtig mens, vlees, geword het. Johannes 1:14 sê: "En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon."

Hierdie almagtige God wat voor die geskapenheid al daar was, het besluit om af te daal en tussen ons mense te kom woning maak. Hy het ons buurman geword. Hy het in alle fasette soos ons geword. Dit het Hy gedoen, want net 'n mens kon die prys betaal vir hul sondes. Hierdie boodskap is besonders, want dit is net ons God wat afgedaal het om ons te red.

Wanneer daar opnuut na hierdie waarheid gekyk word, is die besef net soveel groter dat God se liefde vir ons oneindig groot is. Dit is waarom Martin Luther gesê het: "Dis een van die dinge waaroor mens eerder minder wil sê en maar net op jou knieë wil neerval en uitoep: Dankie Here."

Juis omdat God vlees en bloed geword het kan ons aanvaar dat Hy elke behoefte van ons ken en verstaan. Miskien kan jy ook net op jou knieë gaan en dankie sê vir wie hierdie groot God is. Amen.

Ps. Dankie vir elkeen se bydraes en die offer wat julle gebring het, maar mag offer en bydraes 'n lewenswyse wees, omdat God soveel moeite gedoen het.

God bless

Past. Leon

Huishouding:

Dankie aan almal vir al die getroue bydraes tot die huishouding en sopkombuis. U sien miskien nie altyd waar u bydraes benodig en uitgedeel word nie, maar weet net dat dit opreg waardeer word.

Pastoor Leon van Rensburg
☎ 021 981 0844
072 782 7508
www.ags-ligenlewe.com
pastoorleon@telkomsa.net
✉ Posbus 122, Brackenfell, 7561

AGS Lig & Lewe

Advertensies:

Stuur gerus jou advertensie aan: mariskavr@telkomsa.net as jy gratis in ons Maandbrief wil adverteer. So help ons mekaar in die gemeente.

MPV BOEDELDIENSTE

MPV Boedeldienste is gestig om eksekuteurs wat nie oor beredderingservaring beskik nie, teen 'n drasties verminderde tarief by te staan in die bereddering van boedels waarin hulle as eksekuteurs benoem is.
Die drie vennote het gesamentlike meer as 'n eeu ervaring van boedelbereddering en beveel aan dat testateure die langslewende of 'n kind as eksekuteur in hul testamente benoem om sodoende by oorlye aansienlike besparings te kan geniet.
Benewens die besparing van tot 50% op eksekuteursloon (afhangende van die bruto bates van die boedel) is daar ook verdere koste- en beredderingstermyn besparings.
Al die besparings is vir voordeel van die erfgename.
Om meer inligting te bekom skakel, sonder enige verpligting, een van die volgende vennote van MPV Boedeldienste:

SAKKIE PIETERS: Tel: 021 913 5655 Sel: 082 290 8187 sakkie@mpvboedels.co.za
KOOS VAN ZYL: Tel: 021 975 1375 Sel: 084 268 9663 koos@mpvboedels.co.za

Besoek ons nuwe webtuiste:
www.mpvboedels.co.za

D J Projects & Maintenance

Tel: 021 988 4052 / Cell: 071 675 9865

I specialize in the following fields: Building Alterations and Maintenance

1. Painting
2. Plumbing
3. Plastering
4. Roofs and Trusses
5. Ceilings and Scheming
6. Paving
7. Tiling
8. Hanging of Doors
9. Maintenance and Building
10. House Cleaning
11. Skirting – Boards
12. Roof and Gutter Cleaning
13. Garden Cleaning
14. Landscaping
15. Pool Cleaning & maintenance
16. Drawing and design house plans

Contact: Dawie de Villiers dawie@axxess.co.za

Kids Party Hire

Tafels, Stoele en tema dekor
Alles wat jy nodig het vir 'n kinderpartytjie
Tel: 021 981 0844
Website: www.mjhire.co.za

Wedding & Party Hire



Tafeldoeke, overlays en kandelare
Tel: 021 981 0844
Website: www.mjhire.co.za

BOEKTAFEL:

Let asb. daarop dat ons boektafel van nou af een keer per maand aan die gang sal wees. Elke tweede Sondag van die maand (dis nou die Sondag wat volg op die Nagmaal-Sondag). Hierdie maand se datum vir die boektafel sal die 9de Mei wees.

Ons t-hemde gaan ook op die boektafel beskikbaar wees, so kom kyk gerus daardie Sondag wat tans op die tafel is.

VERJAARSDAG: 2 Mei

Kan jy glo dat hierdie gemeente twee jaar oud is. Ek wil net aan God al die eer gee. Dankie vir almal se deelname, moenie ophou nie. Mag God jou in hierdie familie vir nog baie jare seën.

Almal word hartlik uitgenooi om op Sondag, 2 Mei na afloop van die oggenddiens agter te bly vir 'n lekker koppie tee, koffie of sap ter viering van ons gemeente se 2de verjaarsdag.

Dagboek:

Mei 2010

Sondag, 2 Mei	Nagmaal Koffie en tee na die oggenddiens
Sondag, 9 Mei	Moedersdag Boektafel

Verdagmakery

Elke koerant en nuusberig wys daarop dat daar elke dag duisende mense is wat met groot entoesiasme en oortuiging die kant kies van hulle en dit wat ondergang en dood veroorsaak. In die politiek sal dieselfde persoon jaarliks ingestem word wat net elende in `n land veroorsaak, die prediker wat geen lewe deur sy verkondiging bring word aangehang, selfs mense by ons werk wat nooit bevorder of `n bonus moes kry a.g.v. swak werk, word bevorder. In families en gesinne word redenasies en handelinge as leefwyses aanvaar wat skeuring en verdried veroorsaak.

Ons noem hierdie praktyke en tegnieke: politiek, karasmatiese-predikers, regte-tyd-regte-plek-mense, kultuur en hy/sy doen maar net wat goed is (jy moenie doen wat goed is nie, jy moet doen wat lewe bring).

Dit is belangrik dat ons weet waar die praktyke en tegnieke vandaan kom, sodat ons die regte geestelike wapens daarteen kan gebruik. Die praktyke en tegnieke kom uit die hemel en Satan het diesefde in die Hemel gedoen om een derde van God se Engele teen God in opstand te bring. Satan wat beskryf word in Esegiel 28:14-16 en Jesaja 14:12-15 het verskillende name soos Duiwel en Lucifer. Hy het ook verskillende tegnieke soos hoogmoed en lieg, maar een van sy tegnieke nl. koophandel in die ou vertaling of handelsbedrywigheid in die nuwe vertaling (sien Esegiel 28:16) word vandag deur die Duiwel se kinders en Christene in die vlees met groot sukses vir die Duiwel bedryf.

Die praktyk en tegniek van koophandel kom daarop neer dat ander verdag gemaak word en die self word dan d.m.v. hoogmoed verkoop sodoende word mense na jou gewen en sal hulle jou volg na politieke wanorde, emosionele preke, en enige ander plek waar ons gelykvormig aan hierdie wêreld word. Hulle wat d.m.v. koophandel (sien Esegiel 28:16) `n posisie beklee kan slegs die posisie behou deur volgehoue koophandel.

Mag elkeen deur Christus openbaring in kennis van Hom ontvang (Efes. 1:17).

Fanie Scanlen

'n Gebed vir julle: (Onthou om ook vir jou vriendin te bid)

Dear God

I don't know all of the challenges my friends have,
but **YOU** know **EVERYTHING.**
I hear their silence;
YOU hear their prayers.
I see their laughter;
YOU see their tears.
I see when they give;
YOU see what's been taken from them.
I see their beautiful appearance;
YOU see the scars in their soul.
I experience their faith;
YOU know their doubts.

My prayer for them God, is that YOU give them everything they may need and bless them abundantly.